Inligtingsbrief Julie 2017

Raadsverslag van die President

RAADSVERGADERING
12 & 13 Junie 2017
Te Pretoria

Raadsvergadering:

'n Raadsvergadering is gehou te Pretoria, en ek gee graag terugvoer aan u daaroor.

Finansies:

Die belegging word noukeurig bestuur deur die Raad, waarvan Willem Verhoef, Riaan Theron en Francois Pienaar (gekoöpteer) aan die stuur van sake is. PSG is aangestel om die Genootskap se sake te bestuur en ook seker te maak dat die belegging goed bestuur word.

Daar kan met 'n goeie gemoed gesê word dat die finansiële stand van die Genootskap, na Mei 2017 in oorleg is met die begroting van 2017/2018.

Die begroting vir 2018/2019 is deur die Raad goedgekeur en gaan voorgelê word tydens die AJV vir goedkeuring en implementering daarvan.

Ons wil u as teler bedank vir u goeie gesindheid en bydrae wat u maak tot die finansiële sukses van die Genootskap, al is die tye waarin ons, ons nou beleef nie altyd maklik.

Rasverbetering:

Oordragte – Buitelandse verkope
'n Skrywe is alreeds aan u as teler gerig waarin ons die inligting van buitelandse verkope verlang om die Genootskap se statistiek op datum te hou. Die inligting sal die Genootskap help om belangrike data bymekaar te maak vir toekomstige beplanning en onderhandelings tot voordeel van die ras.

Prestasietoetsing
Goeie Nuus – ons is bly om te kan aankondig dat, na versigtige oorweging en toets analises op ons Dae tot Kalwing data, sal Breedplan nou voortgaan om teelwaardes te voorsien vanaf Julie 2017. Ons het genoeg data vir Makheid (Docility) versamel, en sal ons eerste teelwaardes ontvang vanaf hierdie maand.

BGP – die derde rondte is wel onderweg, met RFI toetse wat reeds in aanvang geneem het. Die Genootskap werk hard daaraan om nuwe data wat hier gegenereer word, te kan opneem, en in verslae te kan weergee. Ons hou u op hoogte hiervan.

BKB
CAPE GATE (PTY) LTD
FNB First National Bank
VOERMOL

Ons bedank al ons lede wat deelneem aan die verskeie Brahman projekte en wat ons ondersteun met indiening van data, haarmonsters en die uitdra van inligting – wees verseker dat die Genootskap dit hoog op prys stel.

Reklame en Promosie

1. **Bylaag**
   Met groot dankbaarheid wil ons u as teler bedank vir die positiewe gesindheid t.o.v. die plaas van advertensies. Meer advertensies is ingewin as waarvoor daar begroot was en kan daar ‘n goeie standaard Bylaag 4 uitgegee word deur Landbouweekblad. Hierdie bylaag sal op die rakke verskyn teen 1 September 2017.

2. **Stockfarm**
   Die boek is alreeds op die rak en indien u die kans verbeur het om dit te bekom, is u welkom om die kantoor te kontak om dit aan u te stuur.

3. **60-Jarige Gedenkboek**
   Ons beoog om hierdie 60-Jarige Gedenkboek die lig te laat sien November 2017, waarin die Genootskap 60 jaar oud is. Dit gaan goed met die invordering van die advertensies. Indien u nog nie u advertensie bevestig het nie, kontak Karin dringend by 051-4464619. Daar gaan slegs 120 volbladsye vir advertensies beskikbaar wees teen R5000 plus BTW. Dankie vir u positiewe gesindheid om hierdie boek ‘n sukses te maak.

4. **Borge**
   Op 5 Julie 2017 is onderhandelings gehou met ons Premium Borge. Bevestiging is gegee deur Cape Gate, BKB en Voermol van hul volhoubare ondersteuning. Ons is tans besig om met ’n vierde borg te onderhandel.

5. **Facebook**
   Hierdie bemarkingsmedia kan u gebruik tot u eie voordeel. Dit is vir oud en jonk. Stuur u foto’s, veilingspamflette(jpeg), nuus, enige gebeure, datums aan karin@brahman.co.za vir plasing op FB.

6. **Alfa week 11-14 September 2017 (Afridome)**
   Telers het die geleentheid om beeste tydens die week staties uit te stal.

   Die Brahmane gaan ‘n promosie stalletjie beman en daar word gevra dat u dit ondersteun. Kontak asseblief vir Andries Marx.

7. **Expo 19 – 23 September (Afridome Parys)**
   Expo gaan voort en ons versoek telers om die datum in hulle dagboeke aan te teken, en ook die inskrywingsvorms, program op die web te volg www.brahman.co.za. Daar is ook alreeds akkommodasie lyste op die web vir u gerief.

8. **Presidentsdinee:** **22 September 2017** – 17:30 vir 18:00, (Afridome Parys)
   Tema: Gatsby **Koste: R300p/p**
   Bevestig met Karin by karin@brahman.co.za of skakel 051-4464619.

9. **Nasionale Veiling: 23 September 2017 – 11:00, (Afridome Parys)**

Algemene Jaar Vergadering (AJV)

Ons herinner U dat die AJV nou plaasvind op **22 September 2017**, om 12:30 by **Afridome Parys.**

OPLEIDING (ALDAM STOCKMANSKOOL) 18 – 20 Oktober 2017

U word genooi om deel te hê aan die Jaarlikse "event" wat propvol waardevolle inligting het. Die inligting is op ons webtuiste of skakel vir Charmaine Alberts by 051-8211783 of palberts@telkomsa.net. Tema: Deelname in die vleiswaardeketting deur middel van verbeterde bestuurspraktyke. Inskrywings sluit 15 September 2018.

Baie dankie aan 'n ieder en elk vir julle bydrae om die Brahmane te laat voor loop.

Vriendelike groete.

Sydney Hunt: President
Brahman Beestelersgenootskap van SA